I am not aware of a study proving a correlation between scrotum circumference and length but follow-up telephone calls by our office to buyers of bulls with an extra large scrotum (measured at phase C) confirmed that when older, these bulls have increased incidences of scrotum injury. This was for Simmentaler bulls but my guess is that this is not applicable to Brahman and Brahman based composites were the aim should be for maximum scrotal size. A Canadian vet reports that a circumference above 38 cm for yearling British and Continental breeds does not result any more semen production.

Some background for our judges

The testicles are located outside of the body cavity in the scrotum which is essential for normal sperm formation that occurs at a temperature 4 to 6 degrees below normal body temperature (testicle thermoregulation). This is done by means of a temperature sensitive layer of muscle located in the wall of the scrotum. This muscle relaxes when hot and contracts when cold. In warm temperatures relaxation increases the relative length of the scrotum, thus moving the testicles away from body heat. In cold weather, the scrotum shortens and the testicles are held close to the warm body .

Excessive fat deposits in the neck of the scrotum like you often find in show bulls may interfere with temperature regulation and will result in lower fertility, infertility and decreased stamina (libido).

14. Snert in, snert uit.

Kwaliteit syfers en korrekte stambome is wêreldwyd die belangrikste vereistes vir 'n kudde en ras se BLUP analise. Voer die stelsel met snert (foutiewe inligting) en jy kry snert terug. BREEDPLAN het nou 'n nuwe fasiliteit aan genootskappe voorsien waardeur selektiewe toetsers ontbloot word.

Net soos by stambome, is die integriteit van 'n teelwaarde (EBV) afhanklik van die integriteit van die informasie wat deur telers voorsien word. Die gewigte/mate en teel besonderhede (vader/moeder) moet korrek wees want beide word vir die berekening van teelwaardes gebruik. Indien hierdie inligting onakkuraat is sal die teelwaarde foutief wees en teel die bul nie soos sy teelwaardes nie. Ek is van mening dat die voorkoms van foutiewe aantekening (sien onder) groot is maar dat dit meestal onbewustelik geskied weens onvoldoende opleiding van telers deur hulle genootskappe. Breedplan en die LRF se Dr. Bradfield werk hard aan dit maar opleiding van telers is net soos beoordelaars-kursusse inderwaarheid 'n genootskap aangeleentheid.

Goeie nuus

Gelukkig het BREEDPLAN, na jare se navorsing in hierdie verband, 'n nuwe stelsel aan genootskappe beskikbaar gestel waardeur onder andere telers wat selektief toets identifiseerbaar is. Daar is 'n aantal baie handige verslae en ons beveel sterk aan dat telersgenootskappe hul eie toets-norme daarstel en dat hul personeel telers wat nie korrek aanteken nie identifiseer en oplei. Lees meer hieroor in hierdie uitgawe: "Another new product released by BREEDPLAN."

Van allergrootste belang is dat waar genootskappe toekennings op enige prestasietoets syfers baseer sodanige toekennings ook aan die toets-geloofwaardigheid norme voldoen. So byvoorbeeld behoort enige prestasietoets toekenning onderworpe wees aan 'n speen weeg retensie van sê maar ten minste 90% m.a.w. vir ten minste 90 van die 100 kalwers wat in 'n jaar lewendig gebore word (geboorte kennisgewing) moet 'n speengewig op die stelsel hê. Seleksie vind mos nie voor speen plaas nie en alle lewendige kalwers, geregistreer en geprul, is vir weging by speen beskikbaar.

Die 5 belangrikste toets-beginsels.

Hierdie is volgens my ervaring basiese vereistes vir kwaliteit aantekening:

1. Korrekte ouerskap maar meer spesifiek vaderskap. Verwys na berig oor ouerskap kontrole toetse in eNUUS 1/3.
2. Weeg ALLE diere insluitende uitskot diere ⁽¹⁾.
3. Hou weeg groepe so groot as moontlik – weeg eerder meer diere minder gereeld. Kalf seisoene help baie ⁽²⁾.
4. Groepeer slegs eners behandelde diere saam. Telers vergeet van die lemoen tussen die appels ⁽³⁾.
5. Handhaaf genetiese skakels met ander kuddes deur hulle bulle te gebruik of bulle aan hulle te verkoop, deur die gebruik van semen aandeel en/of KI bulle. ⁽⁴⁾

⁽¹⁾ "Moenie jouself verneuk nie". Deur slegs die 'beter diere' te weeg word hulle prestasie middelmatig omdat hulle swakker maats nie geweeg is nie en die eerste een wat dit agterkom is die koper in prestasie toetsing wat die bul se nageslag toets.

⁽²⁾ Omdat daar by klein groepe nie baie oorbly na verdeling nie. Groepe word bv. opgedeel in dieselfde geslag, moeder se koei-status (vers/koei), bestuur/voeding, binne 45 dae (200 d) van mekaar gebore en op een dag geweeg – Na verdeling moet daar ten minste 3 diere per groep wees met ten minste 2 vaders. Weeg altyd voordat verdeling plaasvind speen, kastreer, uitskot.

⁽³⁾ Diere wat 'anders behandel' was, wat 'n invloed op die dier of kalf se gewig mag hê, moet met eie-keuse letters gemerk word sodat hulle nie saam met die groep maats ontleed word nie. Dis logika dat jy nie die vetgevoerde skou of veilings dier saam met sy plaas-maats kan groepeer nie.

⁽⁴⁾ Vermey kluisenaar-teling. Genetiese koppelings is noodsaak om diere van verskillende kuddes met mekaar te vergelyk.

15. News from Namibia

Mr. Jacque Els, the General Manager of the Namibian Stud Breeders Association (NSBA) reports.

A need was identified for the training of producers in Namibia. During 2011 the decision was taken to present the first Stockman School in Namibia. This was held from the 13 – 15 March 2012 at the Windhoek Show Grounds, and was attended by 189 delegates. It was very well received and the next School is planned for 2014. Our sincere appreciation to all the sponsors who bought into the concept and whose contributions, made this possible.

At the beginning of December 2011 the African Huguenot Cattle Breeders Society of Namibia joined the NSBA. They currently have 8 breeders and 1 600 cattle.

For a number of years the Santa Gertrudis Breeders in Namibia were divided into two groups; those who were members of the NSBA and thus used the BREEDPLAN system and a group that affiliated with SA Studbook. At the beginning of 2012 the group who registered with SA Studbook, joined the rest of the Santa Breeders who were with the NSBA. This had a number of consequences. Firstly all the breeders were now united in one Breeders Society (17 breeders with 1 432 animals and 12 new breeders with 2 277 animals) and a united effort could be launched to promote the breed. All the data of the breed was now on one system and could be analysed together, providing for a larger unified database and more accurate information being available to the breeders. The “united” Santa Gertrudis breeders had their first combined EBV Group run during 2012. A total number of 290 Santa cattle belonging to 4 breeders, were scanned during the annual ultrasonic scanning of animals during March – May 2012.

In April 2012 the President of the Namibian Brahman Breeders Society, Mr. Mecki Schneider, the Chairperson of the NSBA Board, Mr. Rynovan der Merwe and the Manager of the NSBA, Mr. Jacque Els travelled to Ghanzi in Botswana to address a group of Brahman breeders on the possibility of joining the Namibian Brahman Breeders Society and the NSBA. Seven breeders showed interest in joining. Two months later the NSBA visited the Ghanzi Show to speak to breeders of other breeds about joining the respective Namibian Breeders Societies and the NSBA. Between 7 and 10 breeders indicated their interest in joining and thus to have their animals registered with a registration authority. These breeders include Beefmaster, Charolais, Pinzgauer, Santa and Sussex breeders.

16. It's all about progress

“Progress isn't made by early risers. It's made by lazy men trying to find easier ways to do something.” The easier way these days is to performance record and monitor progress by genetic improvement – as easy as that.

Dr M Bradfield at a very successful first Stockman's school in Namibia.

"We are immensely proud of what we have collectively achieved in the Namibian breeding industry in the last nine years. We have managed to help the Namibian Stud Breeders Association (NSBA) create a viable office running what is undoubtedly a world class system. We have managed to focus a significant component of the breeding industry on the value of recording and genetic improvement. The Internet Solutions system recorded nearly 120 000 page entries last year and we have collectively witnessed the growth in the NSBA in member numbers and breeds.

To remain competitive and to become a leader in Africa the Namibian red meat industry has in the field of animal breeding, three main challenges:

The **first** is getting your commercial producers to understand the potential monetary value that modern breeding methods can add to the genetic potential of their herd and how it translates into financial gain.

The **second** challenge is for your Stud Industry to move away from using only old fashioned methods for the selection of superior Seedstock. Here I am talking about using purely visual assessment to determine an animal's genetic worth.

Finally, the challenge to have the courage to trust and use the modern breeding technologies.

As easy as that

I know of no commercially focused abattoir that pays for cattle that have simply passed a visual appraisal test. The rationale for selecting on weight is simple:

- § Farmers can easily record weight.
- § Weight gain is heritable, and
- § Many cattle are sold by weight so heavier cattle make more money.

The figure below shows in red the genetic trend for Mr Willem Engelbrecht, a businessman from the Cape Province, and compares it to the rest of the breed. The first point to note is the impressive genetic gains made by the Simbra breed since 2004 (BREEDPLAN was introduced in 2002). There are thus many producers like Mr Engelbrechts selecting cattle on EBV's in this breed. Mr Engelbrecht has significantly increased the genetic component for weaner weights since selecting on EBV's. Most important, is the benefit to his commercial clients.




Fig 1; Simbra genetic trend for weaning weight. Note, this is the genetic component. The environmental component (i.e rainfall, farm effects, sex and feed have been adjusted).

These graphs are available to every breeder in BREEDPLAN for all the tested traits.

The challenge to the commercial industry in Namibia is to buy bulls based on proven performance

The ability of a cow to produce a calf every year has a huge economic benefit to the commercial producer. This ability is also under genetic control and can be measured. The challenge for genetic evaluations systems such as BREEDPLAN is that a complete cow inventory system has to be kept.

As important, is the fact that the bull carries as many positive genes for fertility as does the cow. If a commercial producer buys a bull without fertility EBV's, no genetic progress for fertility will be made in that herd. A large education program is required in Namibia to record fertility properly.

Commercial producers should purchase bulls from Stud clients whom have their financial interest at heart. The practice of simply looking at a bull before a sale and paying top dollars belongs in the dark ages. Engage with producers whom are more interested in making you money than selling you a pretty bull. Your enemy is tradition and all those that preach the old methodologies of selection using only the "eye". They are the ones holding you back. The challenge to the Stud Industry of Namibia is to make a concerted effort to measure traits of economic importance. Start with a proper female inventory and properly record culls. Scan your young heifers and bulls. Finally, take the effort to educate your commercial client of the genetic value of an animal. Namibia is an amazing country with a well-established cattle and sheep industry. Use your resources wisely and continue to educate yourselves of the world's best scientific practices." (Unquote)

17. The Professor's opinion

Prof. Frikkie Nesor from the University of the Free State, a regular contributor to eNEWS, covers a very significant matter in this issue namely "Who is your client?"

It is every farmer's dream to sell a bull to a fellow stud breeder and if the bull is sold for the highest price on the auction or in the breed society - so much better. There is nothing wrong with this dream. Everyone wants the highest price possible. However, stud breeders are so busy chasing this dream that they forget who their real clients are. Yes, the stud breeder will sell genetic material and animals to fellow stud breeders but his main market is usually the commercial farmer. Only 3.7% of all bull calves born in a stud herd are sold to fellow stud breeders while between 20 and 30% are sold to the commercial sector. The stud breeder will sell between 20 – 30 % heifers, of which approximately 40% are sold to fellow breeders.

It is thus clear that the commercial farmer is the main client of the stud breeder. The commercial sector can be divided into a sector with high management skills, an emerging farming sector and a communal sector. Each of these sectors has its own needs, they have, however, one thing in common – they all produce meat to satisfy the consumer's needs. It is therefore important that the stud breeder should decide what part of the commercial sector he considers as his client. It is extremely difficult to cater for all the different sectors, as well as the consumer, which is the most important one of all. His breeding objectives should reflect the needs of both the consumer and his commercial client.

It is also extremely important that the commercial farmer knows the breeding objectives of the stud breeder from whom he obtains his genetic material as he will, inevitably follow in the same direction. Unfortunately many stud breeders don't have any breeding objectives and trust the technical staff of the breeding societies to provide guidance. The result of this could be that the needs of the client are not addressed.

18. Wat alles sê die bul 'se papier'

Is daar vir die kommersiële boer enige waarde in 'n geregistreerde bul of 'n bul' met 'n papier? Vandag meer as ooit tevore.

Die belangrikste taak van 'n telersgenootskap is om stelsels te skep wat sy telers in staat stel om meerderwaardige bulle aan die vleisbedryf te voorsien. Weens die geweldige invloed van die bul op die standaard van 'n kudde en die hele land se beespopulasie, speel die bul 'n besondere belangrike rol wat baie keer deur voorligters en kommersiële kopers misgekyk word.

Generasies van struktureel korrekte diere

By suiwel- en vleis-bees genootskappe met verpligte keuring word diere met fenotipiese foute (*kloue, bene, skede, skrotum en vele meer*) nie geregistreer nie en ontvang nie 'n registrasie sertifikaat nie. Anders gestel, nageslag van ongekeurde of afgekeurde diere kan nooit geregistreer word nie.

Kopers moet dus aandring op die sertifikaat as bewys dat die dier sowel as die voorgeslag aan visuele vereistes gegrond op strukturele korrektheid voldoen het. Wie wil 'n mooi bul koop met korrekte bene maar sy vader het regop hakke gehad en kon beswaarlik dek.

Hoe gaan hy teel?

Wêreldwyd het BLUP-teelwaardes 'n nuwe dimensie in beesboerdery veroorsaak omdat die vordering wat 'n kommersiële boer deur middel van positiewe BLUP-geselekteerde bulle kan maak, geweldig is. Aangesien bulle deur middel van teelwaardes oor jare, streke en kuddes vergelykbaar is, kan die beesboer sorg dat sy nuwe bul geneties beter is as die vorige een en so word sy koeikudde gedurig verbeter.

Wat het dit met 'die bul se papier' te doen. Hierdie BLUP teelwaardes kan alleenlik deur middel van stamboom- en prestasie aantekening verkry word en word dan op die sertifikaat en veilings katalogus gedruk. Dit stel die koper in staat om teelwaardes (dit wat hy gaan teel) tussen bulle te vergelyk. Daar is ongelukkig ook geregistreerde bulle sonder

teelwaardes maar wie wil nou geld spandeer aan 'n onvoorspelbare bul sonder enige teelwaardes. In Europa bepaal die wet dat bulle met geen of swak teelwaardes geslag moet word.

Die "papier" is dus nie net 'n sertifikaat van afstamming nie maar 'n papier:

- wat waarborg dat die bul en sy voorgeslag aan strukturele korrektheid vereistes voldoen het en
- wat deur middel van BLUP teelwaardes uitspel waartoe die bul geneties in staat is.

19. American Brahman announce a more accurate tenderness EBV

The American Brahman Breeders Association (ABBA) have compiled the actual field data from their carcass evaluation program with DNA information which BREEDPLAN then uses together with ultrasound scanning info for what according to ABBA is the most accurate genomic-enhanced EPD for tenderness yet.

ABBA claims that this new genomic-enhanced expected progeny difference (GE-EPD) for tenderness shows up to a 10 percent increase in accuracy for tenderness when compared with the previous tenderness EPD. ABBA CEO: "Since 2003, we utilized a general genetic carcass evaluation test for six different traits, one of those being tenderness. Now, working with Pfizer Animal Health and our breeders, this information increases the accuracy for tenderness on many young sires and ABBA members can utilize these new GE-EPDs when making breeding decisions to help improve tenderness in young breeding stock and increase the marketability of the Brahman breed.

From another report I gather that traits measured by ultrasound scanning (Eye Muscle Area, Rib Fat depth, Rump Fat depth) were found to be good estimates (highly correlated) of the actual carcass measures but not Intramuscular Fat. In fact, the ABBA recommends members who are scanning their cattle for carcass traits not to scan for IMF%. ABBA continues to investigate potential research opportunities to determine why scanning IMF% is not correlating with the actual carcass IMF measures.

Sources: ABBA, Pfizer Animal Genetics and Drovers Cattle Network

20. Die akkuraatheid is 'n risiko maatstaf van hoe die dier gaan teel.

Die akkuraatheid of betroubaarheid van 'n teelwaarde (TW) vir 'n eienskap soos byvoorbeeld speengewig word deur 'n aantal faktore bepaal. Ook wenke aan telers hoe om hulle akkuraatheid te verhoog.

TWs met 'n baie lae akkuraatheid (hang af van ras en eienskap) word nie gepubliseer nie en TWs met 'n lae gepubliseerde akkuraatheid kan nogal baie verander met die toevoeging van meer inligting. Hou altyd in gedagte dat 'n TW 'n gelyke kans het om op- of afwaarts te verander soos wat meer inligting bykom. Hierdie jaarlikse verandering is veral met die aankoop of seleksie van bulle frustrerend maar die positiewe sy daarvan is *"Regardless of the accuracy, EBVs are more accurate than any other currently available method of estimating an animal's genetic worth" (Breedplan International).*

Die berekening van akkuraatheid is kompleks en hang van 'n aantal faktore af :

- (i) Die hoeveelheid prestasietoets inligting wat bekend is van van die dier en familie; hoe meer hoe beter. Daar is 'n wesenlike toename wanneer **nageslag** rekords beskikbaar word. Bv 'n bul met
 - ... net sy eie 400 dae gewig = 55% akkuraatheid;
 - ... sy eie en ouers se gewigte = 60%
 - ... hy het geen gewig maar 10 van sy kalwers het = 67%.
 - ... eie gewig en 10 kalwers geweeg = 74%
 - ... eie en 55 kalwers = 95%
- (ii) Hou in gedagte dat TWs van vader/moeder ook verander wanneer meer inligting/gewigte van die nageslag bygereken word.
- (iii) Die erfbaarheid van die eienskap, hoe hoër hoe beter. Bv. met rekords van dier en ouers by 'n erfbaarheid van 0.3 (speengewig) is die akkuraatheid 60% en by 'n erfbaarheid van 0.1 (melk) is die akkuraatheid 36%.

- (iv) Die genetiese verband met ander gemete eienskappe. As jy 200-, 400- en 600 dae gewigte neem sal jou akkuraathede heelwat hoër wees vergeleke met net die 200 dae gewig.
- (v) Weeg-groep grootte. Toename in akkuraatheid soos weeg groep vergroot : Groep van 1 = 0%, groep van 2 = 42% en groep van 10 = 53%

Wat moet die teler doen om akkuraathede te verhoog

- Weeg alle diere op die plaas insluitende uitskot diere.
- Hou weeg groepe so groot as moontlik deur minder gereeld meer diere te weeg.
- Kyk dat daar ten minste twee vaders in 'n vergelykbare weeg groep is.
- Weeg/meet soveel as moontlik eienskappe maar **ten minste**: (i) weeg rondom 200 en 400 dae, (ii) weeg moeders as kalf se 200 dae geweeg word en (iii) meet skrotum omvang en weeg bulle tussen 18 en 23 maande.

Wat van jong veilings bulle (dus laer akkuraatheid).

'n Algemene reël is dat diere op grond van EBVs vergelyk moet word, ongeag akkuraatheid, maar wanneer 'n bul vir 'n **spesifieke doel** uitgesoek word (*byvoorbeeld hoog in melk*) kies een met beide hoë teelwaarde en akkuraatheid.

Dit is egter by 'n jonger groep veilings bulle (*laer akkuraatheid*) baie keer nie moontlik nie en daarom moet voorkeur verleen word aan die bul met die beste teelwaarde (*ten minste top 10-20% van ras se persentiel tabel – kry dit gerus van jou genootskap*). As die teelwaarde dan volgende jaar verswak, is die kans gering dat dit na die swakte 1/3 van die ras sal daal.

'n Jong bul se akkuraatheid word op sy eie en sy familie se informasie gebaseer. Afhangende van die getal verwante wat getoets is, kan sulke bulle se akkuraatheid van 40% to 75% varieer. Kopers sal dus baat om jong bulle te koop van telers wat onselektief, deeglik en baie diere oor jare getoets het omdat die bulle hoër akkuraathede sal hê.

Breedplan se akkuraatheid interpretasie

< 50%	Voorlopig en kan aansienlik verander as meer data bykom maar nogtans baie noukeuriger as die rou gewig of ouderwetse indekse.
50 – 74%	Gemiddeld en normaalweg gebaseer op dier se eie en ouers se gegewens.
75 – 90%	Medium hoog en kan al nageslag informasie insluit. Sal nie baie verander nie.
>95%	Baie hoog en betroubare beraming van dier se werklike teelwaarde (“wat jy sien, sal jy kry”)

Minimum akkuraatheid vereistes vir publikasie van EBVs

- Verskil tussen eienskappe;
- Verskil tussen LRF rasse;
- Hang af of die dier (of nageslag) geweeg/gemeet is al dan nie – sonder gewig is die afsny akkuraatheid hoër

21. Apple, Exxon Mobil, Walmart, Holstein and Aberdeen Angus have something in common. They are all world leaders. Lets look what makes Angus the number one beef breed society in the world.

Angus is the largest beef breed society in prominent beef producing countries like USA, Australia, Canada, Ireland, Argentina, Uruguay and New Zealand. In all of these countries they have more than 40% of the beef breed registrations. Why this dominance? They discovered years ago a niche market at the end of the beef producing chain which is known as Angus Beef, Certified Angus Beef, McAngus and others. Today Angus is synonymous with beef of the highest quality because the society's concentrated more on performance recording of carcasses, ultrasound scanning and lately DNA testing than all other breeds.

What do they do in the US to stay No 1.

The biggest beef breed society worldwide is the US Angus society. Their annual income/expenditure account is R300 mil and they sit with R150 mil reserves in the bank. However their biggest asset is the industry's largest and most comprehensive genetic database consisting of 17 mil pedigrees with associated performance data. Nearly 30,000 active breeders register 295,000 animals per year. In relation to that, in SA we have a little more than 3000 registered beef breeders of 34 breeds. Another interesting point for us with very little embryo transfer registrations is that they register 30,300 ET calves per year accounting for 10% of all registrations. I believe that the low number of registrations per breeder is because they do all their culling before they register animals at a much later stage than we.

Some priorities of the US association.

- Make comprehensive genetic selection tools (EBVs) available to members and their clients.
- Utilization and further development of modern genetic technology.
- Expand communication to members and offer assistance to commercial users of Angus bulls.
- Increase marketing assistance to Angus breeders.
- Widespread youth involvement through an innovative education and youth development program.

Another interesting one is their marketing and support approach includes the breed **and** its crosses. I found no reference in their policy document of showing.

Here are some priority member services for the **future** listed by their members in a recent survey: (i) Continue to enhance Certified Angus Beef to further drive registrations; (ii) more genomic enhanced EBVs; (iii) increase focus on small-scale breeders; (iv) marketing of members cattle, breed and product to customers and (v) lower-cost services.

Performance

The in-house genetic evaluations are on a **weekly** basis and their website is updated every Friday with new information which is freely available to everybody in the world. The performance section received more than ¾ mil birth-, weaning- and yearling-weights. As mentioned already they are world leaders in carcass traits and now have 1.4 million ultrasound records plus 95,000 carcass records gathered at abattoirs. All these are used to produce genomic-enhanced EBVs.

Like in the past the Angus society ensures that they will remain a leader by spending huge amounts on Angus research and development:

- R2.9 mil in feed efficiency research on Angus females;
- R2.5 mil to conduct genetic evaluation methodology and implementation and new trait development;
- R400,000 to address marbling and early cellular differentiation relative to improving insufficient marbling.

With that approach they will remain number 1.

22. Stoet Holstein staan uit.

Van die verskille tussen geregistreerde en graad Holsteins in Suid-Afrika word hier aangespreek.


Die grootste verskil is seker dat BLUP teelwaardes, wêreldwyd die beste beraming van hoe die melkbul of koei gaan teel, alleenlik vir geregistreerde diere beskikbaar is omdat die wetenskaplike beginsel van BLUP op prestasie meting en volledige stambome berus.

Die ander verskil is dat geregistreerde koeie meer produseer. Die L.N.R. se jongste produksie syfers per koei is as volg:

	Graad koeie	Registreer	Registreer
Kg melk	7142	9830	+ 38%
Kg vet	280	369	+ 32%
Kg proteïen	235	316	+ 34%

Die verbetering in melkvet+proteïen oor tien jaar was 23% vir geregistreerde en 17% vir graad Holsteins. Die beste bewys dat stoetteling werk! Hierdie 10-jaar tendens word hieronder grafies voorgestel.

Wat is die verskil in geldwaarde? Mnr. Herman Duvenhage van SA Holstein: " Die verskil in melk produksie tussen graad en registreerd is 2688 kg teen 'n melk prys van R 3.50 beloop dit R9408 per koeie per laktasie van 300 dae wat 'n wesenlike verskil is."



23. Is this bull calf truly polled (PP) or not.

Will be great to determine this at an early age and not wait until he has progeny to establish his state of polledness.

The Australians have developed a poll gene marker test that eliminates much of the guesswork in determining the polled state of a polled bull. Breeders know how disappointing it is when you use a polled bull, sired by a polled bull and out of a polled dam, and he throws you a percentage of horned calves.

Now this test can identify the so called PP-bulls. By using PP bulls in a herd with horned (HH), heterozygous polled (PH) and homozygous polled (PP) females, all progeny will be polled (PP and PH). The test requires hair samples and horn status of the animal to be tested, and costs around R400 per animal in Australia.

The famous Australian Beef CRC who developed the test claims that on average, 89% of tests in **polled** Brahmans return an informative result. The test is also proving informative (72-74%) in Charolais, Droughtmaster, Hereford, Santa Gertrudis and Tropical Composite breeds. They maintain that transitioning to a polled herd may take 30 years by visual selection but simulation studies suggest the Australian Poll Gene Marker test may reduce the time to as little as four to eight years.

What an advantage for seller and buyer to offer say a young Brahman bull at a sale with a ¾ plus assurance of PP-status together with his BREEDPLAN EBVs prediction how he will breed.

Regarding availability and costing for LRF breeders contact the LRF associate member UNISTEL at 021-9389213.

Sources: CRC news and The Cattle site

24. Mak genetika i.p.v. makmaak.

Gelukkig is temperament hoogs oorerflik en kan telers d.m.v. BLUP seleksie die wilde lyne of diere redelik vinnig elimineer. Hier 'n paar sukses-verhale.

Navorsing met 'n paar duisend beeste in Australië (Beef Research Centre*) het ontseggelik getoon dat diere met swak temperament

- (i) taai vleis van onaanvaarbare kwaliteit produseer,
- (ii) meer gewig gedurende langafstandvervoer verloor,
- (iii) laer gewigstoename onder voerkraal toestande toon en
- (iv) 'n swakker voeromset het as hulle makker maats.

*Weaber+Creason; Burrow

Van die toets resultate: " Groeitempo senuagtige diere van dieselfde ras 1.04 kg/dag vergeleke met mak maats in dieselfde voerkraal 1.46 kg/day oor 78 dae. Geen mak dier behandel en 42% van die temperamentvolle diere was in een of ander stadium in die hospitaal kamp. Temperamentvolle diere het gedurende vervoer/transit 5% meer gewig verloor. Gelukkig is temperament 'n oorerflik eienskap wat verbeter kan word deur (i) ALLE kalwers op die plaas te punt, (ii) die besonderhede vir 'n BLUP analise aan die genootskap te stuur, (iii) 'n BLUP analise te doen en (iv) op grond van teelwaardes te selekteer. Temperament teelwaardes werk net soos ander teelwaardes en meet die **genetiese** komponent m.a.w. dit wat in die familie loop en aan die nageslag oorgedra word. Om 'n wilde dier mak te maak sal nie die genetika verander nie en weens die goeie oorerflikheid is die kans baie goed dat baie van die 'mak bul' se nageslag ook temperament probleme sal hê.

Dis maklik meetbaar

Daar is 'n (i) Kraaltoets, (ii) Drukgangtoets en (iii) die objektiewe Vlughtyd (Flight-time) toets.⁽¹⁾ 'n Kombinasie van (i) en (ii) werk nogal goed en telers moet hulle genootskap vir tegniese advies en die 5-punt beskrywende BREEDPLAN punteskalaal raadpleeg. Van allergrootste belang is dat ALLE diere, insluitende die wat vir temperament uitgeskot gaan word, gepunt word. Punt van 60 tot 400 dae ouderdom verkieslik voor speen om speen-stres te vermy en omdat alle kalwers dieselfde behandeling ontvang het. Telers punt self demonstrasie 'kursuse' deur die genootskappe se tegniese personeel word aanbeveel.

⁽¹⁾ Erflikheid: Kraaltoets ($h^2 = 0.15 - 0.2$), Drukgangtoets ($h^2 = 0.3 - 0.4$) en Vlughtyd meter (h^2 0.35 vir een meting en 0.4 tot 0.5 vir gemiddelde van 2 metings). Bronne: Beckman et al.; Weaber; Burrow+Corbet; Weaber+Creason en Burrow.

Werk dit?

Hieronder is bewyse dat dit werk as jy temperament korrek meet en dan m.b.v. teelwaardes teen dit selekteer. Sherry berig oor die geweldige verbetering in temperament van verskeie rasse en volgens hom is die getal temperament dier-rekords (2009) VSA Limousin 210,000; VSA Salers 165,000; VSA Angus 95,000; Australië Limousin 49,000 en Australië Angus 22,000.

Genetiese tendens grafieke (genetic trend) soos hieronder word wêreldwyd deur alle rasse gebruik om te monitor of daar op genetiese vlak gevorder word. Die verskillende jare is met mekaar vergelykbaar omdat BREEDPLAN die effek van seisoene, voeding, droogtes, ens. oor jare regstel en net die genetiese deel aandui. Die geweldige verbetering wat met die aantekening en seleksie van temperament behaal kan word, word in die volgende figure aangetoon.

Fig 1: Temperament genetika VSA Limousin. Dr. L Hyde: " *Since we have evaluating this in early 90s , the Limousin's average docility score has increased over nine fold. Even with that success, Limousin breeders continue to collect docility scores and select even more stringently for calm, acceptable behavior.*"

Fig 2: VSA Salers temperament genetika. Dr. S Sherry beklemtoon dat die geweldige verbetering in hierdie ras toegeskryf kan word aan die groot getal telers wat in toesing deelneem, dat temperament maklik meetbaar en hoog oorerflik is m.a.w. jy vorder vinnig as jy teelwaardes gebruik.

Fig 3: Die bestuurder van die Australiese Limousin Genootskap berig dat hulle temperament geweldig verbeter het d.m.v. BREEDPLAN se aantekening stelsel. Hy sê: "An evaluation of the Australian Limousin breeds docility scores has revealed remarkable progress in the breed's docility trait. Most of this change has come since 2000 when Docility EBVs were first released. Availability of docility EBVs in Limousin sale and semen catalogues allows commercial breeders to select bulls that are genetically docile, which will go on to produce quieter, more easily managed calves."

Uit Ierland verneem ons dat die genetiese tendens van hulle Limousin ook geweldig verbeter het. Temperament teelwaardes vir hulle diere is vryelik op die genootskap se webtuiste beskikbaar.






Fig 3: Australië Limousin

25. Genomics

A new genomics venture launched by Beef CRC and MLA of Australia will eventually benefit BREEDPLAN participants. Situation in Southern Africa.

The project invited beef breed societies and breeders to participate in the genotyping of 3000 young animals to predict their breeding value using the new genomic prediction equations. More than 100 breeders representing 11 different breeds applied to be part of the project, which was over-subscribed.

Beef CRC chief executive Dr Heather Burrow said the number of subscribers to the 3000-animal project reflected growing confidence in the industry in the value of genomics to predict commercially important traits. 'With the genomic prediction equations developed from the new 700K SNP chips, we will deliver a world-first product that will identify the genetic qualities for hard-to-measure production and reproduction traits across breeds.'

Dr Hans Graser, Director of the Animal Genetics Breeding Unit, who is coordinating the project, said the project supported the cost of genotyping for breeders as part of the rollout of genomic predictions for Australian beef cattle. "The accuracy of these genomic predictions will vary across breeds and across traits. We are still in the process of calibrating their accuracy for all BREEDPLAN traits."

MLA's Dr Rob Banks, said the key advantage for breeders was to gain a genetic insight into the qualities of young animals that do not have any performance data recorded. "For example breeders presently can't measure days-to-calving on a young bull but if they could use BREEDPLAN genomic data to predict days to calving with improved accuracy, that would really help in the decision-making process for selecting the top animals."

The accuracy of the new blended genomic breeding values, which include hard-to-measure traits like carcass and meat quality, net feed intake and male and female reproductive performance in tropical cattle, were announced by Beef CRC chief scientist Professor Mike Goddard at the recent Beef Australia 2012 International Beef Cattle Genetics Conference which was attended by a few South Africans.

Southern Africa

The primary benefit of genomic tools is to improve evaluation of potential breeding value of young individuals and traits difficult to measure or that are manifested later in life. EBVs of old, highly used sires will not change much with genomic information. Genomic techniques are most useful when incorporated into breed EBVs to increase accuracy. (Dr D Garrick)

Many overseas breeds have already produced so-called genomic-enhanced EBVs and BREEDPLAN is one of the leaders in this field. Genomic tests are very expensive and it was initially thought that Breeds in Southern Africa would be able to use internationally validated results. It has now been shown that breeds have to do their own testing in combination with international results because research has shown that genomic prediction is most effective in the population from which it is derived. Predictions from one breed may be essentially useless and misleading in predicting breeding value for individuals in another breed (Garrick).

We can only go on board when effective levels of genomic data are accumulated within the breed. The LRF CEO Dr M Bradfield reports that a number of initiatives have been taken in this regard. "The LRF is now part of a consortium that includes the whole industry where government money is being sought for genomic testing. Breeds, through their breed improvement committees are also identifying bulls of high accuracy and requesting that genomic data is collected for these animals. The primary benefit of genomic tools is to improve evaluation of potential breeding value of young individuals and traits difficult to measure or that are manifested later in life. EBVs of old, highly used sires will not change much with genomic information. Genomic techniques are most useful when incorporated into breed EBVs to increase accuracy."

26. Waarom 'n goeie bul swakker maak

Lees hoe 'n +14 teelwaarde bul deur 'n teler se toedoen 'n +8 word en die kettingreaksie wat dit tot gevolg het.

Selektiewe of uitsoek toetsing is ongelukkig 'n algemene verskynsel in Suider Afrika. Dis jammer want deur slegs die beter (*swaarder*) diere te weeg maak jy hulle 'middelmatig' i.p.v. 'goed' omdat hulle ligter uitkos maats se gewigte nie aan die kantoor gestuur is nie. Hier in 'n voorbeeld van hoe 'n teler wat selektief weeg homself verneuk.

Aannames: Almal dieselfde geslag, moeder status en behandeling. Min of meer ewe oud. Oorerflikheid 30%. Genetiese invloed van verwante en korrelasies met ander gewigte nie in ag geneem nie.

Bul nommer	Bulle se gewigte	Stuur alle gewigte aan die kantoor	Stuur net die gewigte van die swaarder bulle wat nie by speen uitgeskot is nie.
		Teelwaardes	Teelwaardes verswak met 6
A	275	14	8
B	265	11	5
C	260	9	3
D	250	8	2
E	235	2	-5

F	210	-6	-12
G	195	-11	Nie ingedien nie
H	190	-12	Nie ingedien nie
I	185	-14	Nie ingedien nie

Bul A se goeie teelwaarde van 14 word na 8 verswak, oftewel selektiewe weging veroorsaak dat alle bulle se teelwaardes met 6 verlaag. Nog erger, veral as dit gereëld gebeur, is die oorberaming van bulle wat nie geweeg is nie se vaders se prestasie.

27. Can you improve fertility by selecting for it

Mr T Schatz, an Australian Research Officer says 'yes' and provides proof of how they improved a large Dpt. Agriculture Brahman herd in the stressful Northern Australian environment.

"We have proven, beyond many people's expectations, that selection pressure on both bulls and cows can influence fertility rates within herd" according to *Schatz*. They more than doubled yearling pregnancy rates through the following selection programme:

- Cows are culled from the herd if they don't raise a calf to weaning each year. Raising a calf to weaning age each year proves maternal traits of calving ease, mothering ability and milk production while maintaining good body condition ready for re-conception each year.
- Bulls are selected on superior BREEDPLAN EBV's for scrotal size, Days-to-Calving and 400-day weight. Bulls must also have a positive 'semen test'.

Schatz maintains that selecting for fertility favoured animals with smaller maturesize. "Commercial producers may find it difficult to do the level of herd recording we do to track the fertility of their heifers and cows, but they can easily use fertility EBVs like scrotal size and days-to-calving to help choose the bulls they use and this alone could make a big difference to herd fertility rates."

Breeders in Southern Africa who believe that reproduction is more important than weight or size should put more emphasis in measuring scrotal size and days-to-calving than weights. Any genetic change in a herd is best illustrated by the herds genetic trend over years. *Schatz* supplied the following figures as prove of their dramatic improvement in fertility traits.




Figure 1: Improvement in reproduction (days-to-calving EBV) of the SElected herd compared to breed average, prior to the selection and since 1994 when selection pressure was applied




